

eish!

Personeelblad van die NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 4 No 6 Oktober 2010

Lag 'n slag!



Lees binne!

Dié loskopdollas het hulle spesiaal getooi vir Loslitdag. Hulle is van links me Felicity van Vrede, me Eva Sekwena en me Lizelle Brink, almal van die Potchefstroomkampus. Personeel van die NWU neem jaarliks aan dié dag deel om so ook by te dra tot die landswye fondsinsamelingsveldtog vir gestremdes. Hierdie jaar se tema was: Lag 'n slag. En lag hét hulle - die verbeeldingryke uitrustings het menige frons sommer gou onderstebo gekeer.

- 3** Sentralisasie vs desentralisasie
- 5** Voorbereidingskollege kom dalk
- 7** Wil jy perde uitvoer?

Boodskap van die Visekanselier Boodskap van die Visekanselier Boodskap van die Visekanselier



Beste kollegas

Met die sokkerwêreldbeker was die jaar vir ons almal "kort en kragtig", en met die eksamens wat 'n aanvang neem sien ons almal daarna uit om die akademiese jaar suksesvol af te handel.

Hierdie weergawe van Eish! reflekteer op 'n treffende wyse die NWU se "gebalanseerdheid" en gee 'n blik op ons strewe om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word. Daarby verskaf dit ook inligting oor hoe die NWU se kundigheid op 'n innoverende manier geïmplementeer kan word om 'n verskil in ons land te maak.

Ons is ook dankbaar dat ons vir 2010 weereens die eerste prys vir die korporatiewe bestuurde universiteit in Suid-Afrika ontvang het.

Dit is 'n besondere prestasie, veral in die lig daarvan dat die NWU van 2007 tot 2009 vir drie agtereenvolgende jare die PricewaterhouseCoopers se eerste prys vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys gewen het.

Vir baie van ons mag dit dalk nie belangrik klink nie, maar dit behoort vir elke akademikus en ondersteuningspersoneel die versekering te gee dat ons 'n raamwerk daarstel waarbinne ons met gemoedsrus werk.

Teen hierdie agtergrond is dit ook gesond dat ons as 'n multikampusuniversiteit voortdurend in gesprek bly ten opsigte van die sentralisasie- en desentralisasieskewissies. Albei konsepte is nodig en gee 'n "polariteit" aan die NWU wat deurlopend bestuur moet word. (Lees gerus meer hieroor in die artikel op p3.)

Terwyl baie van ons kollegas reeds gereed maak om die "klas van 2011" te ontvang (ons beplan om net meer as 7 900 nuwelinge te ontvang), kan u ook elders lees van planne om te verseker dat ons as instelling toeganklik bly vir voornemende studente en dat hulle gereed is vir die uitdagings van universiteitstudies.

Baie dankie vir u harde werk en sterkte vir die laaste paar weke van 2010!

Vriendelike groete,

Jhans Cloff

Eish! die litte was lekker los

Op Loslondag, Vrydag 3 September, het die NWU-gemeenskap weereens bewys dat hulle harte op die regte plek sit.

Op dié dag het hulle hul in vreemde gewade uitgevat om geld in te samel vir gestremdes. Daar was narre, skoolkinders, feetjies, diskodansers, gehandskoende VLU-tannies, dirigente in manelpakke, blommekinders uit die sewentigerjare en plakkaat-swaaiende 'stakers'.

Gelukkig was daar by die Eish!-redaksie nie sprake van staak nie. Ons het vir julle weer 'n propvol uitgawe van Eish! saamgestel.

Ons skryf byvoorbeeld op p3 oor 'n omstrede saak wat herinner aan die bekende frase uit Shakespeare se Hamlet: *To be or not to be, that is the question*. Op die NWU-werf sal dit so lui: Om te sentraliseer of nie te sentraliseer nie: dit is die vraag. Lees gerus meer oor die driefase-projek wat die NWU aanpak om die werkprosesse en verhoudinge tussen die Institusionele Kantoor, die kampusse en die fakulteite te harmoniseer.

UITNEMENDHEID WORD BELOON

Danksy 'n ruimskootse borgskap van Media24 is die inspirerendste dosente op die drie kampusse teen dié tyd waarskynlik al aangewys. Vir die wenner van elke fakulteit is daar 'n kontantprys op die spel. Lees gerus op p15 meer oor dié kompetisie en hou die volgende Eish! dop om te sien wie die inspirerendste dosente is.

In die volgende Eish! sal ons ook bekend maak watter persone en entiteite erkenning kry vir navorsings- en innovasieprestasies gedurende 2009. Die bekroningsfunksie word aan die einde van Oktober gehou.

Ook die NWU as sulks is onlangs vir voortreflikheid bekroon. Die Universiteit het vir die vierde agtereenvolgende jaar PricewaterhouseCoopers se Korporatiewe-bestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys ontvang.

Dié keer deel die Universiteit die eerste prys met die Vaal Universiteit van Tegnologie.

NWU-GEMEENSAP DRA BY

Wanneer 'n mens kyk na die mate waarin NWU-personeel bereid is om die tweede myl te stap in die uitvoering van hul pligte (p13) is dit ook te verstane dat die NWU goed presteer. Dit is na alles die toewyding en vaardighede van die NWU-gemeenskap wat uiteindelik die sukses van die instelling bepaal.

Voorspoed vir die laaste skof van 2010 en geniet die jaareindfunksies wat in hierdie dae dwarsoor die NWU gehou word. Mag dit aangename (en jolige!) vieringe wees van doelwitte wat behaal is en take wat bevredigend afgehandel is.

Lekker lees,

Marelize & Nelia



Dié warrelwind moet bestuur word



Gevoelens oor die verhouding tussen die Institusionele Kantoor en die drie kampusse en die kwessie van sentralisasie en desentralisasie jaag elke dan en wan stofwolke op die NWU-werf op.

In die lig hiervan het dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier, onlangs die Leierskapsakademie gevra om 'n intervensie te beplan en te implementeer wat die werkprosesse en verhoudinge tussen die Institusionele Kantoor, die kampusse en die fakulteite sal harmoniseer.

Dit het gelei tot die bespreking van 'n driefase-oefening tydens die vergadering van senior bestuurslede op 15 September in Potchefstroom.

Die eerste fase, 'n werkwinkel oor polariteitsbestuur, is reeds tydens dié vergadering afgehandel.

Tydens die werkwinkel het prof Willie Coetzee, 'n fasiliteerder vir die NWU, geïllustreer dat die kwessie van sentralisasie/desentralisasie in wese nie 'n konvensionele probleem is om op te los nie. "Dit is eerder 'n dinamiese en voortgaande polariteit wat bestuur moet word," het hy verduidelik.

Tydens die werkwinkel is die positiewe en negatiewe aspekte van beide sentralisasie en desentralisasie geïdentifiseer. Daarna het die bestuurders die geleentheid gehad om aan te dui hoe hulle dié kwessie tans ervaar wat betref die verhouding tussen die kampusse en die Institusionele Kantoor, en ook dié tussen die kampusse en hul fakulteite.

Tydens fase 2 van die projek sal fasiliteerders die verskillende groeperings (byvoorbeeld IT, Finansies en Mensehulpbronne) help om die funksies wat gesentraliseer en dié wat gedentraliseer moet word om

effektiewe bestuur te verseker, te bepaal en te implementeer.

So sal almal op die kampusse en by die Institusionele Kantoor wat byvoorbeeld met kommunikasie te doen het, koppe bymekaar sit en besluit watter funksies moet by die Institusionele Kantoor gesentraliseer word, en watter moet op die kampusse verrig word en dus gedentraliseer word.

Volgens prof Chris van der Watt, Direkteur: Leierskapsakademie en Organisasieavorsing, behels die derde fase die insluiting van 'n module oor bestuursvaardighede in 'n gesentraliseerde/gedentraliseerde omgewing by die opleiding van senior bestuurders aan die NWU.

So ervaar bestuurders dit tans

Tydens 'n onlangse werkwinkel het NWU-bestuurders aangedui of hulle bestuur as gedentraliseer of gesentraliseer sien, en of hulle dit as positief of negatief ervaar.

Hier is die belangrikste resultate, wat nou verder ontleed en gebruik sal word in fases 2 en 3:

SENTRALISERING/DESENTRALISERING: INSTITUSIONELE KANTOOR EN KAMPUSSE

- *Totale groep:* 87/97 ervaar dat bestuur gesentraliseer is, en ongeveer die helfte beleef dit as positief, terwyl die ander helfte dit as negatief beleef.
- *Mafikengkampus – Bestuur:* 5/7 beleef bestuur as gesentraliseer, en wel positief.
- *Mafikengkampus – Fakulteitsbesture (Dws dekane en direkteure):* Hulle beleef bestuur as gesentraliseer en is gelykop verdeel in hul belewing van die voor- en nadele daarvan.

Dié warrelwind moet bestuur word

- *Potchefstroomkampus – Bestuur: 7/9* beleef bestuur as gesentraliseerd, en wel negatief.
- *Potchefstroomkampus – Fakulteitsbesture:* Hulle beleef bestuur as gesentraliseerd en is gelykop verdeel in hul beleving van die voor- en nadele daarvan, soos in die geval van hul eweknieë op die Mafikengkampus.
- *Vaaldriehoekkampus – Bestuur: 4/5* beleef bestuur as gesentraliseerd, en wel negatief.
- *Vaaldriehoekkampus – Fakulteitsbesture:* Hulle toon geen beduidende patroon in

hul beleving nie.

- *Institusionele Kantoor – Bestuur: 21/27* beleef bestuur as gesentraliseerd, en wel positief.

SENTRALISERING/DESENTRALISERING: KAMPUSBESTURE EN FAKULTEITSBESTURE

- *Mafikengkampus – Kampusbestuur: 5/7* beleef bestuur as gesentraliseerd, en wel positief.
- *Mafikengkampus – Fakulteitsbesture:* Hulle is meer verspreid en 6/11 beleef

bestuur as gesentraliseerd, en wel positief.


- *Potchefstroomkampus – Kampusbestuur:* Almal beleef bestuur as gesentraliseerd, en wel positief.
- *Potchefstroomkampus – Fakulteitsbesture: 22/33* beleef bestuur as gedesentraliseerd, en wel positief.
- *Vaaldriehoekkampus – Kampusbestuur: 4/5* beleef bestuur as gesentraliseerd, en wel positief.
- *Vaaldriehoekkampus – Fakulteitsbesture:* Hulle toon geen betekenisvolle patroon in hul beleving nie.

So lyk die NWU se studente


NWU-personeel het dalk 'n idee van hoe die onderskeie kampusse se syfers en statistieke lyk, maar die groter prentjie van die NWU is dalk nie so bekend nie. As deel van Eish! se reeks oor die statistieke van die NWU, gee ons in hierdie uitgawe 'n oorsig van die studentesamestelling van die NWU.

Totale getal studente-inskrywings	2008	2009	2010
Nuwe inskrywings voorgraads	5 118	5 952	7 264
Voorgraadse diplomas	17 342	18 090	22 085
Eerste grade	18 741	19 722	21 792
Totaal voorgraads	36 083	37 812	43 877
Nagraadse diplomas	1 062	1 334	1 363
Honneursgrade	6 451	7 891	11 715
Meestersgrade	2 477	2 591	2 523
Doktorsgrade	758	792	801
Totaal nagraads	10 748	12 608	16 402
Geleentheidstudente	177	169	169
TOTALE INSKRYWINGS	47 008	50 589	60 448
Volgens kwalifikasietipe: Kontak			
Nuwe inskrywings voorgraads	4 916	5 599	6 820
Voorgraadse diplomas	1 383	1 097	1 064
Eerste grade	18 096	18 901	20 811
Totaal voorgraads	19 479	19 998	21 875
Nagraadse diplomas	1 049	1 329	1 326
Honneursgrade	1 840	2 032	2 253
Meestersgrade	2 464	2 565	2 507
Doktorsgrade	734	767	766
Totaal nagraads	6 087	6 693	6 852
Geleentheidstudente	174	162	164
TOTALE INSKRYWINGS	25 740	26 853	28 891

Rassesamestelling van kontakstudente in 2010



Geslagsamestelling van kontakstudente in 2010



Hierdie is van die inligting wat vervat is in die publikasie: *Pocket Statistics 2010/11*. Dit is verkrygbaar by Korporatiewe Sake en Verhoudinge, Institusionele Kantoor. (C1-gebou, kamer 138) of van u kampus se Bemaking en Kommunikasie-afdeling. Navrae: nelia.engelbrecht@nwu.ac.za

Nuut is die wagwoord by die Raad

Nuwe raadslede, nuwe geboue en nuwe termyne is van die sake wat tydens die Raadsvergadering van 17 September 2010 op die Vaaldriehoekcampus op die agenda was.

Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, mnr Blade Nzimande, het twee raadslede aangewys in terme van die Wet op Hoër Onderwys van 1997. Hulle is advokaat Muzi Sikhakhane van Johannesburg en mnr Solly Phetoe, 'n vakbond- en arbeidsake-kenner van Klerksdorp. Hulle vul die vakatures wat ontstaan het vanweë die verstryking van me Letlotlo Letlape se termyn en die bedanking van dr Sankie Mthembi-Mahanyele.

Daarby is prof Christoff Rabali vir 'n verdere termyn aangewys om die Vaaldriehoekcampus in die Raad te verteenwoordig. Me Hannlie Koegelenberg-Rupert is ook vir 'n tweede termyn as verteenwoordiger in die kategorie gemeenskapsleiers aangewys.

'N GEBOU VIR DIE GROOT GAT


Die Raad het die tender vir 'n nuwe gebou vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomcampus goedgekeur. Dit word gebou waar die 'Groot Gat' – waarna ons in die vorige Eish! verwys het – tans is. Die projek koste word op R47,5m geraam en is deel van die NWU se infrastruktuur-ontwikkelingsplan vir 2011.

NUWE TERMYNE

Nadat die Raad die termyne van prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie en prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite vir vier maande verleng het, verval dit finaal op 31 Desember 2010.

Hoewel hulle permanente personeel by die NWU is, word 'n evalueringsproses gevolg om te bepaal of hulle vir 'n volgende termyn in hul huidige posisies aangestel gaan word.

Ook prof Dan Kgwadi, Rektor van die Mafikengcampus, se termyn verstryk op 31 Desember 2010. Die voorgeskrewe proses vir sy moontlike heraanstelling sal ook volgens die goedgekeurde reëls en prosedures gevolg word.



Met die beoogde voorbereidingskollege sal die NWU poog om die gaping tussen skool en universiteit te oorbrug.

Vorbereidingskollege kom dalk

Die NWU gaan dalk 'n sogenaamde 'vorbereidingskollege' begin vir studente wat pas gematrikuleer het. Dit sal 'n afstandskursus wees wat die gaping tussen die skoolstelsel en hoër onderwys sal oorbrug.

Baie matkulante voldoen nie aan die toelatingsvereistes van hoërondwysinstellings nie, maar het wel die potensiaal om verder te studeer. Die NWU wil dié studente voorberei sodat hulle wel mettertyd toegang tot tersiêre onderwys kan kry.

"Aan die begin van 2010 was daar 8 000 studente wat aansoek gedoen het om op ons Mafikengcampus te studeer, maar as gevolg van beperkte infrastruktuur –

onder meer geboue en personeel – kon ons net 2 000 van hulle toelaat," sê dr Theuns Eloff, NWU-Visesekanselier.

"Kom ons sê dat van die ander 6 000 wat nie toegelaat is nie, sowat 2 000 wel die potensiaal gehad het om suksesvol te studeer. Ons beoogde voorbereidingskollege is vir sulke studente bedoel. Die suksesvolle voltooiing van dié voorbereidingskursus sal byvoorbeeld vir hulle outomaties toelating gee om die volgende jaar aan die NWU te studeer."

Op dié manier sal die NWU nie net vir homself nie, maar dalk ook vir ander universiteite beter voorbereide eerstejaars lewer.

Het jy al die **Zumba** gedoen?



Me Maggie Parkin, me Melleney Campbell-Jacobs en me Dalien Zietsman geniet die Interkampus Sosiale Dag. Al drie is van die Potchefstroomkampus.

As jy nie weet wat Zumba is nie, was jy seker nie een van die personeellede wat die Interkampus Sosiale Dag op 27 Augustus 2010 op die Potchefstroom kampus bygewoon het nie.

Dié sosiale dag is afgeskop met 'n hop-skop Zumba-klas, wat oud en jonk aan die dans gehad het. Selfs van die kampusrektore het hul lywe geswaai in dié buitelugklas wat deur me Mary-Ann Robinson van Virgin Active aangebied is.

“Die idee was om met 'n geleentheid te begin waaraan alle personeel kon deelneem; maak nie saak watter posvlak, vorm, grootte of vlak van fiksheid hulle is nie,” het dr Shelley-Ann Williams, Bestuurder van Werknemerwelstand, gesê.

Met meer personeellede wat deelgeneem het in vergelyking met die vorige Interkampus Sosiale Dag, lyk dit asof Werknemerswelstand in hul doel slaag om 'n gevoel van samehorigheid onder personeel van die drie verskillende kampusse te skep en ook om sosiale verkeer tussen hulle te bevorder.

Personeel kan solank 8 April op hul kalenders merk vir volgende jaar se byeenkoms op die Vaaldriehoekskampus. Dit sal die enigste Interkampus Sosiale Dag vir 2011 wees.

Regs: Een, twee, drie en Zumba! Me Mary-Ann Robinson van Virgin Active demonstreef 'n paar Zumba-bewegings.



Mnr Morena Tsoetsi van die Vaaldriehoekskampus, me Kgalalelo Mokaila van die Mafikengkampus en mnr Archie Mooi van die Vaaldriehoekskampus kuier gesellig saam.





Teenwoordig tydens die finale terugvoersessie oor die projek by die Departement Handel en Nywerheid (DHN) is van links mnr Victor Mathale, DHN, me Ermie Steenkamp, NWU, mnr Riaan le Roux, Trade and Investment SA, DHN, prof Wilma Viviers, NWU, prof Ludo Cuyvers, Universiteit van Antwerpen en dr Riaan Rossouw, buitengewone navorsingswetenskaplike, NWU.

Vrugtesap na Katar? Ja, sowaar

• Navorsing oor uitvoergeleenthede is 'n eerste in Suid-Afrika

Het jy nog altyd die geheime begeerte gehad om vrugtesapmengsels na Katar of perde na die Verenigde Koninkryk uit te voer?

Indien wel, kan die navorsingsmodel wat 'n groep slimkop-ekonomie op die Potchefstroomkampus ontwikkel het, jou handig te pas kom.

Ekonomie van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het 'n navorsingsmodel ontwikkel om uitvoergeleenthede vir Suid-Afrika te identifiseer. Dit is 'n eerste in Suid-Afrika en wat omvangrykheid betref ook 'n eerste in die wêreld.

Daarby het die navorsing wat die huidige projek vir die Departement Handel en Nywerheid voorafgegaan het, aanleiding gegee tot drie doktorsgrade en twee meestersgrade wat onlangs aan die NWU behaal is. 'n Verdere drie doktorale studente is ook tans betrokke by die navorsing.

Die navorsingspan, onder leiding van prof Wilma Viviers, Direkteur van die Skool vir Ekonomie, het die navorsingsmodel op 1 September 2010 aan die Departement van Handel en Nywerheid in Pretoria voorgelê. "Ons model het as't ware hul voete onder hulle uitgeslaan," sê sy.

DIT IS GEBRUIKERSVRIENDELIK

Die model sluit 'n kragtige, interaktiewe rekenaarinstrument in. Dit is 'n sogenaamde "Decision Support Model" (DSM) DASHBOARD

wat die navorsingsresultate visueel aanbied en die interpretasie daarvan vergemaklik.

"Die DSM DASHBOARD maak die navorsingsresultate van die uitvoermodel op 'n gebruikersvriendelike manier aan die regering, uitvoerrade en uitvoerders beskikbaar en kan 'n groot bydrae tot uitvoerontwikkeling in Suid-Afrika lewer," sê prof Wilma.

DIE MUIS WYS JOU

Volgens dr Riaan Rossouw, die ontwikkelaar van die DSM DASHBOARD, kan Suid-Afrikaanse uitvoerrolspelers met die klik van die muis sien na watter lande hulle hul produkte kan uitvoer. Volgens mnr Riaan le Roux, Hoofbedryfsbeampte van Trade and Investment SA (TISA), is dié navorsingswerk beste praktyk in die wêreld.

AANGEPAS EN VERFYN

'n Ander lid van die span, prof Ludo Cuyvers van die Universiteit van Antwerpen en buitengewone professor in die Skool vir Ekonomie, het vroeër die DSM vir België ontwerp. Dit is egter deur die NWU-navorsers vir die Suid-Afrikaanse handelomstandighede aangepas en verfyn. Uit 'n moontlike 1,4 miljoen produk-land-uitvoerkombinasies, is 66 705 produk-land-kombinasies waarin Suid-Afrika realistiese uitvoergeleenthede het, geïdentifiseer.

Me Ermie Steenkamp, 'n doktorale student aan die NWU en deel van die navorsingspan, het dié data onlangs nog verder verfyn tot ongeveer 19 000 uitvoerommoentlikhede.

VERDERE FEITE OOR DSM

DSM gebruik filters wat minder belowende uitvoerommoentlikhede uitskakel. Die fokus is dus op daardie lande en produk-land-kombinasies wat die meeste potensiaal toon.

DSM fokus ook op die vraag na produkte. Dit identifiseer dus nuwe markte waarheen Suid-Afrika nog nie vantevore uitgevoer het nie.

Die indiepte marknavorsing wat gevolg het op die DSM kan meer kwalitatiewe markspesifieke inligting verskaf van byvoorbeeld die volgende uitvoere:*

- Makadama-neute na Duitsland
- Juwele na die Verenigde Koninkryk
- Lewendige perde na die Verenigde Koninkryk
- Vrugtesapmengsels na Katar

DSM kan vir uitvoerders die toptwintig-produkte per getal uitvoergeleenthede aandui. So is gevriesde visfilette en apparaat vir video-opnames en -reproduksie byvoorbeeld bo-aan die lys met 55 uitvoergeleenthede.

Dief- of brandalarms lê byvoorbeeld elfde met 48 uitvoergeleenthede en vars druiwe twintigste met 45 uitvoer-geleenthede.*

* Let wel: die inligting kon intussen verander het, want dit word van tyd tot tyd opgedateer na aanleiding van veranderinge in die wêreldmarkte.

Haar hart lê in hoër onderwys



Prof Linda du Plessis met die Rotsgebergte in Kanada in die agtergrond. Die foto is in Augustus 2010 geneem toe sy as deel van 'n groep NWU-afgevaardigdes universiteite in Kanada en Amerika besoek het. Die Universiteit van Calgary het hulle vir 'n uitstappie na die Rotsgebergte geneem.

Entoesiasme en mense wat 'n verskil maak, lê vir prof Linda du Plessis, die Vaaldriehoekskampus se Vise-rektor: Akademie, Beplanning en Kwaliteit, na aan die hart.

Sy glo ook in die gesegde wat lui: "The past is behind, learn from it; the future is ahead, prepare for it; the present is here, live it."

En leef, lééf sy die hede – met passie vir haar werk, haar kampus, en haar gesin.

GEESDRIF VIR HAAR WERK

Vra vir haar wat die lekkerste is omtrent haar werk, en die antwoord volg sonder huiwering: "Soos elke akademikus geniet ek dit om te lees.

"Die dinamika in hoër onderwys sorg vir talle nuwe beleidsdokumente en raamwerke.

Dit lei tot baie besluite wat by verskeie universiteite geïmplementeer word – alles interessante stof tot nadenke."

Omdat die Vaaldriehoekskampus klein is, sluit haar portefeulje akademies, navorsing, kwaliteit en beplanning in. Nie dat sy omgee nie. "Hoewel dit veeleisend is, is dit lekker om so betrokke te wees by dit wat op die Kampus gebeur," sê sy.

UITDAGINGS

Een van die groot uitdagings van haar werk is om toe te sien dat die Kampus-strategies en volhoubaar groei tot voordeel van die NWU en die plaaslike gemeenskap, sonder dat dit die unieke karakter wat eie is aan 'n klein kampus, verloor.

"As kampuspersoneel neem ons saam strategiese besluite – om dit te kan doen moet ons die kort- en langtermyngevolge

oorweeg, sowel as die onsekerhede wat die besluit kan beïnvloed, en die waarskynlikheid dat hierdie onsekerhede gaan realiseer. Dis hoekom elke lid van die kampuspersoneel 'n belangrike bydrae lewer tot die neem van weldeurdagte besluite," sê sy.

“ My visie vir die Kampus is dat dit sal ontwikkel tot 'n streeksbatare waar kwaliteitonderrig en gefokusde navorsing 'n stimulerende leergemeenskap vorm. ”

GOEIE LEIERSKAP

Spanwerk en goeie leierskap gaan vir prof Linda hand aan hand. Een van haar doelwitte van die afgelope jaar was om ten minste elke twee maande 'n boek oor leierskap te lees.

Die boeke wat sy al gelees het, is onder meer *The tipping point* deur John Maxwell, *Eureka* deur Phillipa Davies en *Reframing organisations* deur Lee Bolman en Terrence Deal. Op die oomblik lees sy Richard Hackman se boek getiteld *Senior leadership teams: what it takes to make them great*.

Sy glo egter nie dat 'n mens noodwendig in 'n leierskapsposisie moet wees voor jy ander kan inspireer en motiveer nie. Vir haar is 'n suksesvolle akademikus juis iemand wat sy kollegas motiveer deur sy eie entoesiasme vir onderrig en navorsing.

SY KOESTER DIE KAMPUS

Behalwe vir haar geesdrif vir haar werk en vir die akademie in die besonder, is die Kampus vir haar ook baie kosbaar.

Sy is veral baie trots op die Kampus se eerste navorsingsfokusarea, bekend as Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (Engels: *Understanding and Processing Language in Complex Settings – UPSET*).

Dié fokusarea bestaan sedert Mei 2010 en doen navorsing oor taalpraktyk en meertaligheid as onderdele van die breë veld van linguïstiek of taalstudies.

VISIE

Prof Linda se visie vir die Kampus is dat dit sal ontwikkel tot 'n streeksbate waar kwaliteitonderrig en gefokusde navorsing 'n stimulerende leergemeenskap vorm.

“Dit moet 'n voorkeurkampus word vir voorgraadse en nagraadse studente, bekend vir kwaliteit en innoverende onderrig,” sê sy.

Vir die studente het sy die volgende raad: “Geniet julle studentwees, maar fokus terselfdertyd konsekwent op julle studies. Die geheim van suksesvolle studie is om elke dag 'n bietjie te werk!”

LIEFDE VIR HAAR GESIN

Ten spyte van haar besige skedule, is prof Linda baie betrokke by haar gesin. “Ek geniet dit byvoorbeeld verskriklik om projekte saam met die kinders aan te pak. Ons besoek gereeld kunswinkels om allerlei benodighede vir ons projekte te koop – dit wissel van krale tot skinkborde en horlosies,” sê sy.

Volgens prof Linda is hulle gesinslewe 'n ware spanpoging. Sy en haar man, Jannie, probeer om hul dagboeke rondom die drie

kinders, Annelie (17), Jan-Adriaan (13) en Janet (8), se sport- en kultuuraktiwiteite te skeduleer.

“Die enigste ete wat ons rustig as gesin kan geniet, is ontbyt. Dit is dan wanneer ons Bybel lees en uitvind wie wat moet doen en wie waar en hoe laat opgelaai moet word.”

Ja, prof Linda het baie ysters in die vuur, maar dit is duidelik dat sy steeds fokus op haar werk, haar kampus en haar gesin.

Want dis waar haar hart lê.



Prof Linda by die standbeeld van John Harvard tydens 'n kursus by die Harvard Institute for Educational Management in Boston.

Die verhaal van die vyf dollar

“Ek het onlangs 'n kursus by Harvard-Universiteit in die VSA bygewoon. Beverly Tatum, die President van Spelman College, het daar vir ons vertel van die ervaring wat sy gehad het toe hulle kollege in ernstige finansiële verknorsing was. Hulle het allerlei fondsinsamelingsprojekte geloods. Groot was haar verbasing toe 'n vrou met 'n baba op die arm een oggend voor haar deur staan, swaarkry duidelik op die vrou se gesig. Die vrou wou \$5 vir die kollege skenk. Skaam om geld van hierdie vrou te vat wat dit duidelik nodig het, vra sy toe waarom sy die geld wou gee. Die vrou se antwoord was: ‘Dis al hoop wat ek vir my kind het’. Ek reken dis hierdie \$5-verhaal wat maak dat ek in hoër onderwys wil bly.” – Prof Linda du Plessis.

HAAR VOORKEURE

Wat is u gunstelingdisse? Slaai, pasta en vis. Ek hou van kosmaak, maar daar is nie eintlik tyd vir kreatiwiteit vandat ek ná werk by die huis kom totdat almal wil weet wanneer ons eet nie...

Wat is u gunstelingboek of -fiek? *The Shawshank Redemption*.

Wat in die lewe maak u opgewonde? Mense wat 'n verskil maak.

Wat is daar van u wat mense nie eintlik weet nie? Ek kon goed tennis speel. Op hoërskool het ek Noord-Transvaal-kleure in tennis gekry.

Waarvoor is u bang? Ek hou nie van 4x4-roetes nie. Miskien is dit maar net my eie voorkeur, of andersins is dit te wyte aan 'n motorongeluk waarin ek as agtjarige was. Ek het al in die Wildtuin uitgeklim en gekies om te stap en die leeu te trotseer, eerder as om 'n 4x4-roete te voltooi!

Wat sal u aan uself wou verander? Ek sal verkies om eerder mense se optrede te probeer verstaan voor ek kritiseer.

As u nou met iemand uit die geskiedenis kan gesels, wie sou dit wees, en hoekom? Anton Rupert – 'n Suid-Afrikaner, miljardêr, intreprenuer, skerp besigheidsman en 'n omgewingsbewaarder. Ek sal graag by hom wil leer hoe hy dit kon regkry om al die uiteenlopende dinge wat hy aangepak het, so suksesvol te kon deurvoer.

Wat is vir u kosbaar? Om my kinders te sien grootword en deur hulle oë na die lewe te kyk. Dit hou my nederig.

Wat is u lekkerste herinneringe uit u jongmensjare? Ek en my man het as studente mekaar in die Wiskundeklas ontmoet. Ons het 'n studiegroep begin wat drie aande 'n week vergader het. Daar was altyd tyd vir 'n koeldrank voor ek terug is koshuis toe. Dit was heerlike, sorgvrye jare.

Wat is u gunsteling-vakansieplek? Ek kies moeilik tussen die Wildtuin en die see. Maar op die ou end is dit die mense saam met wie jy vakansie hou wat belangrik is.

Wat doen u vir ontspanning? Om naweke op die plaas te stap, perd te ry en die plaashuis te restoureer is my idee van ontspanning.

Wetenskapsentrum gee Onderwys 'n hupstoot

Die Mafikeng Kampus het onlangs 'n nuwe Wetenskapsentrum geopen, wat vir leerders, studente, die algemene publiek en onderwysers van laer- en hoërskole tot voordeel sal strek.

Die Minister van Wetenskap en Tegnologie, Me Naledi Pandor, het die Sentrum op 30 Augustus 2010 amptelik geopen.

Dié hoëprofiel-fasiliteit hou vele voordele vir die Universiteit en sy gemeenskap in. Vir die Universiteit self is die Sentrum 'n tasbare bewys van sy strewe om die gemeenskap te dien en studente vir loopbane in die wetenskappe te werf.

Die Sentrum is uiters lewensvatbaar, aangesien dit 'n relatief lae onderhoudskoste vereis, met die Universiteit wat die nodige infrastruktuur voorsien en toegang bied tot spesialis-inligting oor Wetenskap en Tegnologie en studie- en beroepsvoorligting aan voornemende studente.

Die vestiging van die Sentrum was die inisiatief van die Kampusrektor, prof Dan Kgwadi, en is deur prof Jan Smit, die Bestuurder van die Wetenskapsentrum op die Potchefstroom Kampus, uitgevoer. Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) het die geld vir die toerusting voorgeskiet, ter waarde van R500 000.

Hy leef sy droom uit

Kegoikantse "Machesa" Kgomo leef sy droom uit, en kombineer suksesvolle akademiese studies met sokker om 'n vervullende loopbaan vir homself by die NWU sowel as in die sportontwikkelingsbedryf uit te kerf.

Kegoikantse, 'n sokkerafrigter op die Mafikengkampus, is een van die Kampus se Sokkerinstituut se eerste ontvangers van 'n Diploma in Sportwetenskap en beskik oor 'n Vlak Twee-afrigtingkwalifikasie van die Engelse Voetbalvereniging.

Kegoikantse is entoesiasies daarvoor om die teoretiese kennis prakties toe te pas om 'n loopbaan vir homself te bou en agtergeblewe kinders met akademiese en sokkerpotensiaal op te hef.

"Deur die voltooiing van hierdie kursusse het ek as mens baie gegroei en waardevolle lewenslesse en leierskapskwaliteite aangeleer," sê hy. "Ek is baie bly om deel te kan wees van die Sokkerinstituut se strewe om sokkerontwikkeling tot groter hoogtes te voer in Suid-Afrika."



Kegoikantse Kgomo – sokker is sy passie.

Hoewel hy nie meer lid is van die Sokkerinstituut se span nie, speel hy vir die Universiteit se personeelspan om in oefening te bly.

Keigoikantse het onlangs Suid-Afrika se Nasionale o.17-span op 'n 12-daagse toer na Argentinië vergesel waar hy gekyk het hoe die Argentynse hul ontwikkelingstrukture bestuur en om te bepaal of enige van hulle strategieë hier in Suid-Afrika sou kon werk.

Nuwe aanleg verseker skoon water



Danksy 'n watersuiweringaanleg sal die gemeenskap van Madibogo voortaan toegang hê tot skoon water.

Die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie het die Nanofiltrasië-watersuiweringaanleg ontwikkel nadat gevind is dat die grondwater uit hul boorgat gekontamineer is met nitraat, chloried en magnesium.

Die projek is onderneem deur dr Mbhuti Hlope van die Skool vir Wiskundige

en Fisiese Wetenskappe en is befonds deur die Waternavorsingskommissie.

Die 23 000 inwoners van die dorpie Madibogo (90 km vanaf Mafikeng) is grotendeels afhanklik van grondwater wat tot dusver sonder voorafbehandeling gebruik is. Ná intensiewe navorsing is besluit om van nanomembraantegnologie gebruik te maak om die besoedelstowwe uit die grondwater te verwyder.

Die aanleg is op 15 September geopen deur die Dekaan van die Fakulteit, prof Mashudu Maselesele. Die Fakulteit sal ook verantwoordelik wees vir die instandhouding van die aanleg ten einde veilige drinkwater in daardie streek te verseker.

NWU kyk na **waterstof** as alternatiewe **energiebron**

Die NWU is in samewerking met die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) aangewys as een van drie vaardigheidsentrums (Centres of Competence) in die land wat navorsing oor waterstof as energiebron gaan doen.

Die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) het in 2008 die handelsmerk Hydrogen South Africa (HySA) geregistreer om waterstof as veilige energiebron na te vors en te ontwikkel. Die DWT het die drie vaardigheidsentrums – HySA Systems, HySA Catalysis en HySA Infrastructure – gevestig om die HySA-strategie te implementeer en unieke verantwoordelikhede is aan elk van die sentrums opgedra. Hierdie verantwoordelikhede is daarop gerig om teen 2020 25% van die wêreld se katalisator-aanvraag van kwaliteit platinum-groepmetale te voorsien.

Die sentrum by die NWU – HySA Infrastructure CC – sal waterstofgenerering, -berging en -verspreiding saam met die WNNR navors.

Dr Dmitri Bessarabov is aangewys as die direkteur van HySA Infrastructure CC. Hy sal saam met die leidende rolspelers by die NWU, proff Henning Krieg en Cobus Kriek van die fokusarea vir Chemiese Hulpbronveredeling, asook prof Frikkie van der Merwe van Ingenieurswese, werk.

Moontlike produkte waarvoor die drie sentrums hulle sal beywer is draagbare kragbronne (wat skoner en stiller is as kragopwekkers), gekombineerde hitte- en kragbronne (vir verhitting van geboue en nywerhede) en moontlik ook vir brandstofsels-aangedrewe motors.



Foto: Susan Cilliers, Beeld

Prof Klaus Kellner is 'n erkende omgewingskenners en neem die leiding in die bekamping van grondagteruitgang en verwoestinyng.

Prof Kellner neem die voortou

Prof Klaus Kellner van Plantkunde op die Potchefstroomkampus neem internasionaal die voortou in die bekamping van grondagteruitgang en verwoestinyng wêreldwyd.

Prof Klaus is verlede jaar tot voorsitter van 'n internasionale komitee vir wetenskap en tegnologie van die Verenigde Nasies se Konvensie vir die bekamping van verwoestinyng verkies. Hy verteenwoordig die hele Afrika-kontinent in die komitee wat uit slegs vyf lede van oor die wêreld heen bestaan.

Volgens prof Klaus verwys verwoestinyng na grondagteruitgang (soos bv. gronderosie deur wind of water) wat op die langtermyn toeneem. Hy sê dat Suid-Afrika 'n vrugbare studiegebied vir grondagteruitgang is, omdat ons land grootliks uit droë gebiede bestaan waar die reënval minder as 500mm per jaar is.

“Weens ekonomiese druk vernietig mense die natuurlike hulpbronne omdat hulle te veel daarop moet steun vir oorlewing. Groot gebiede in Suider-Afrika en Afrika is ook afhanklik van natuurlike weiding vir diereproduksie,” sê hy.

Prof Klaus is betrokke by verskeie internasionale navorsingsprojekte in veral die Noord-Kaap, Noordwes en ander droë grasveld- en savannagebiede in Suider-Afrika om te bepaal wat grondagteruitgang veroorsaak, wat die impak daarvan is en hoe dit bekamp kan word.

Student kraai koning in 'oorlogvoering'

Vir baie mense is die rekenaarspeletjie Minesweeper slegs 'n vorm van tydverdryf, maar vir Bertie Seyffert, 'n MSc-student van die Potchefstroomkampus, is dit 'n passie waarmee hy al groot hoogtes bereik het. Bertie hou tans die hoogste rang op die Minesweeper-wêreldranglys in Suid-Afrika en Afrika, en beklee die algehele tiende plek ter wêreld.

Minesweeper is 'n rekenaarspeletjie waar die doel is om landmyne binne 'n sekere area te vind deur gebruik te maak van logiese leidrade. Die hele speletjie word teen tyd gedoen, en hoe vinniger jou breinkrag en koördinasie is, hoe beter word jy geklassifiseer.

Die speletjie het die afgelope paar jaar so gewild geword dat daar nou gedurig wêreldwye kompetisies en selfs 'n wêreld-

kampioenskap aangebied word – dit alles in die naam van vaardigheidsontwikkeling, ontspanning of strategiese oorlogvoering. Bertie het reeds in 2007 aan die wêreldkampioenskap in Budapest, Hongarye deelgeneem, en in 2009 in Skotland met 'n algehele vierde plek ter wêreld weggestap.

Tydens die wêreldkampioenskap, wat gewoonlik by die betrokke stad se universiteit plaasvind, word die deelnemer wat die beste telling oor tien speletjies behaal, as wenner bekroon. Bertie sê die gemiddelde telling is sowat 400 sekondes om tien speletjies te voltooi.

Met sy passie vir die speletjie, het hy seker gemaak hy word vanjaar weer uitgenooi om in München, Duitsland sy vaardighede teen die bestes in die wêreld te toets.





Aan die werskaf – die Kampus se blouaap-kolonie.

'n Storie met 'n stertjie

'n Trop blouape het hulself tuisgemaak op die Vaaldriehoek-kampus en sorg vir baie pret en plesier vir almal wat hulle raakloop.

Personeel, studente en besoekers aan die Kampus slaan dié adoonsvolk se aapstreek met 'n glimlag gade. Daar is selfs diene wat kan getuig van 'n onnutsige stropery tydens 'n gesellige piekniek of 'n kuiertjie langs die braaivleisvuur. Dit is veral vroeg in die oggend, so teen 06:30 dat aap-se-kind se gekoggel en gespeel jou aandag trek.

Die trop, wat na raming tussen 40 en 50 blouape groot is, beweeg van sonkolletjie tot sonkolletjie. Daar is dié wat vroetel vir vlooië, mekaar soos stoeiers van ouds die

stryd aansê, rats van boomtak na boomtak swaai en dié wat dit moeilik vind om hul nuuskierigheid te betuel.

Die blouaap-kolonie het ook hul voorkeure en afkeure. 'n Kollega met 'n dubbelkajuit-bakkie het onlangs na 'n funksie by die Klein Lapa vir ta en sy maters op sy voertuig se dak betrap – besig om dit behoorlik te bemors. Die vermoede bestaan dat die voertuig op hul speelveld geparkeer was.

Studente is onlangs onkant betrap toe een van die ape homself op die trappies na die kafeteria sit gemaak het – hy het só roerloos daar gesit dat menige student hom aanvanklik nie eens raakgesien het nie.



Dit is heerlike lente... Die Vaaldriehoek-kampus se geveerde volk brei uit. Me Annette Willemse, Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie het die nuutste toevoegings op film vasgelê.

Kampus raak doenig met doenwaardes

Die studentegemeenskap van die Vaaldriehoek-kampus het onlangs met groot ywer deelgeneem aan die eerste van 'n reeks geleenthede wat daarop gefokus is om die doenwaardes van die Universiteit te beklemtoon en groter sensitiviteit daarvoor te kweek.

Die kern van die eerste Doenwaardedag word vervat in 'n ou Afrika-gesegde, "Motho ke motho ka batho", wat verwys na die lewensfilosofie van "'n mens is 'n mens deur ander mense".

Die inisiatief het verder ten doel om die studente aktief met die waardes te laat omgaan ten einde dit deel van elkeen se persoonlike lewensfilosofie te maak.


Die NWU onderskryf die volgende doenwaardes: respek, integriteit, aanspreeklikheid en toewyding. Hierdie doenwaardes (wat fokus op aksiegedrewe waardes) deurspek al die aktiwiteite van die Universiteit – insluitende die studente-lewe.

Die Doenwaardeprojek is afgeskop met 'n motiveringspraatjie deur die bekende sakeman en motiveringspreker, mnr Buhle Dlamini, wat veral bekend is vir sy betrokkenheid by die *Heartlines Initiative*.

Laasgenoemde verteenwoordig 'n mediagroep wat die boodskap van gesonde waardes via die media uitdra en wie se debuutfilm, *Hopeville*, eersdaags op die silwerdoek gaan verskyn.

Ter ondersteuning van die projek is 'n kompetisie geloods waarmee studente nie net hul kreatiwiteit vry teuels kan gee nie, maar ook die kans staan om groot pryse te wen. Die eerste tema van die projek, Respek, moet deur studente uitgebeeld word. In die proses staan dit hulle vry om van enige medium gebruik te maak, insluitende video, fotografie, skilderkuns, digkuns, en skryfkuns.

IG VORSTER



JAMES BOTHA




CHESTER MURULANA



MANDLA MAHLANGU



KOBUS PIENAAR



Mense wat myle stap

Soos in die vorige uitgawes wil Eish! weer eens erkenning gee aan al die NWU-kollegas wat altyd bereid is om die tweede myl te loop in hul daaglikse werkverrigting.

Mnr Frans Kruger, Direkteur van die afdeling Regsdienste in die Institusionele Kantoor huiwer nie een oomblik om **prof Ig Vorster** en **mnr James Botha**, beide senior regsadviseurs by dié afdeling, te nomineer vir die tweede myl nie. Volgens Frans het baie min universiteite die voorreg om by die deure van twee praktiserende prokureurs soos prof Ig en James aan te klop vir regsadvies.

“Geen saak is vir prof Ig te groot of klein nie – hy gaan uit sy pad uit om kollegas te akkommodeer, en gee advies en konsulteer advokate namens die NWU selfs oor naweke! James se praktykskennis is van groot waarde en hy het nie geskroom om bo en behalwe sy eie verpligtinge waar te neem in ‘n ontruimde pos nie, en is altyd beskikbaar as iemand gedagtes wil klankbord,” sê Frans.

Volgens me Bakang Ndlangisa, sekretaresse van die Skool vir Omgewings- en Gesondheidswetenskappe in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus, moet **mnre Chester Murulana**, ‘n tegnikus, en **Mandla Mahlangu**, ‘n laboratoriumassistent in die Departement Chemie van dieselfde fakulteit geprys moet word vir hulle harde werk. “Hulle werk altyd so hard en hul positiewe ingesteldheid maak werklik ‘n verskil. Hulle is altyd bereid om te help en dra graag by tot die bevordering van die departement gedurende die Wetenskapweek,” sê sy.

Prof Kobus Pienaar, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, **prof Gilbert Groenewaldt**, Direkteur van die Skool vir Rekenaar-, Statistiese- en Wiskundige Wetenskappe, **prof Jan Fourie**, Fokusareadirekteur van die Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika verdien elkeen ‘n pluimpie. Dr Mariette Hitge, ‘n senior lektor in die vakgroep Wiskunde en Toegepaste Wiskunde is dit eens dat hulle werklik uit hul pad uit gaan om hul personeel en kollegas in ag te neem en te

akkommodeer. “Hulle het waarlik die laaste tyd baie ekstra myle gestap om die personeeltekort in die vakgroep op te los en die omstandighede het met rasse skrede verbeter,” sê sy.

Me Annette Willemse, Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie op die Vaaldriehoekskampus nomineer graag vir **me Susan Wolff**, IT-konsultant op dieselfde kampus. Volgens haar is Susan die IT-“goeie fee” wat keer op keer die gebruikers op die Vaaldriehoekskampus met hul rekenaarprobleme help. “Dit gebeur met almal van ons. Ons vergeet ons wagwoorde, ons vergeet om ons dokumente te stoor en sekerlik die ergste van alles – ons wis soms belangrike inligting uit wat ons later weer nodig sal kry. Baie dankie Susan dat jy altyd bereid is om te help!” sê Annette.


Prof André Mellet, ‘n lektor in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe op die Vaaldriehoekskampus is nog ‘n staatmaker. “Prof André speel ‘n groot rol in die opvoeding en kweek van ‘n verantwoordelikhedsin by ons studente, en moedig hulle aan om die doenwaardes van die Universiteit – integriteit, toegewydheid, toerekenbaarheid en respek – uit te leef,” sê mnr Jacob Simango, Direkteur van Studentesake op dieselfde kampus. “Hy stap die tweede myl, buite sy normale werkverpligtinge, om ons Kampus ‘n plek te maak waar mens kan leef en leer.”

As jy graag ‘n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus ‘n e-pos aan Marelize.Santana@nwu.ac.za. Onthou asseblief om jou en die persoon wat jy nomineer se postitel en relevante departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

GILBERT GROENEWALDT



JAN FOURIE



SUSAN WOLFF



ANDRÉ MELLET





MAMOKETE MOKOKO



MPHO MODUPE



RAELENE HORNSBY



BEAUTY MPHATSWA



KEABETSWE LEKOPANYE



JOHAN VAN ZYL



CHARLES VAN DER VYVER

En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenkpak gewen het:

Eish! Witgawe 4-wenners

Institusionele Kantoer: Me Raelene Hornsby, Komiteesekretaris, Institusionele Korporatiewe Bestuur en Sekretariaatdienste

Mafikengkampus: Me Beauty Mphatswa, Konsultant, Departement Inligtingstegnologie

Potchefstroomkampus: Me Keabetswe Lekopanye, Junior Lektor: Akademiese Geletterdheid, Sentrum vir Akademiese en Professionele Taalpraktyk

Vaaldriehoekkampus: Mnr Charles van der Vyver, Lektor, Skool vir Inligtingstegnologie

Eish! Witgawe 5-wenners

Institusionele Kantoer: Me Mpho Modupe, Kantoorbestuurder, Taaldirekoraat

Mafikengkampus: Me Mamokete Mokoko, Sekretaresse, Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie

Potchefstroomkampus: Mnr Johan van Zyl, Kommunikasiebeampte, Departement Bemaking en Kommunikasie

Vaaldriehoekkampus: Me Daleen van Zyl, Senior lektor, Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou 'n laaste kans voor die einde van die jaar om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.



DALEEN VAN ZYL

WEN! WEN! WEN!

Jy kan 'n korporatiewe **geskenkpak wen** – vind net hierdie **10 antwoorde!**

- 6: Wat was die tema van hierdie jaar se Loslitdag?
- 7: Waar kan mens die publikasie: Pocket Statistics 2010/11 kry?
- 8: Hoeveel totale studente-inskrywings het die NWU in 2008 gehad?
- 9: In watter rekenaarspeletjie kraai Bertie Seyffert koning?
- 10: Wie borg die Fakulteitstoekennings vir Inspirerende Onderrig?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260

E-pos: Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys losslaan!



2.




3.

Identifiseer die nabyskote en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.



4.



1.

5.



Inspirerende dosente kan R50 000 elk wen

As jy 'n dosent is wat jou studente inspireer, kan jy in aanmerking kom vir die Rapport Fakulteitstoekennings vir Inspirerende Onderrig, wat aansienlike kontantpryse behels. In dié kompetisie, wat voortaan 'n jaarlikse instelling sal wees, wys studente een dosent in elkeen van die NWU se 15 fakulteite as wenner aan.

Die studente, wat een stem elk het, het op 20 Oktober per sms en massa-e-posse gestem. Die rou data word egter nie net so gebruik nie. Om 'n regverdige uitslag te verseker, word persentasies bereken op grond van die terugvoer en die aantal studente in 'n dosent se klas.

So kry 'n dosent wat 16 uit die moontlike 20 stemme in haar klas gekry het 80%, terwyl

'n dosent wat 350 uit die 450 moontlike stemme in sy klas gekry het, 78% kry.

Die wenners word aan die einde van Oktober tydens galageleenthede op die onderskeie kampusse bekroon. Media24 tree op as borg van die pryse en sal ook die prysuitdelingsfunksies borg.

Die kompetisie, wat deur die studenterade op die kampusse gedryf word, is mnr Koos Bekker, die Hoof- Uitvoerende Beambte van Media24, se breinkind. Hy is van mening dat onderwysers op skool en dosente by hoëronderriginstellings dikwels 'n blywende, positiewe indruk op leerders en studente maak en dat hulle erkenning daarvoor behoort te ontvang. Die kompetisie is aanvullend tot ander evalueringmetodes wat reeds by die NWU bestaan.



Dié metodes is byvoorbeeld die NWU se Institusionele Toekening vir Onderriguitnemendheid en die gereelde evaluering van dosente deur studente, wat as bestuursinstrument in skole en fakulteite gebruik word.

Volgens prof Marlene Verhoef, Spesiale Raadgewer in die Kantoor van die Visekanselier, is hierdie jaar se kompetisie 'n proeflopie en sal die proses in die toekoms verder verfyn word.

Hou gerus die volgende Eish! dop vir die name van die wenners.



Die NWU het op 30 Augustus vir die vierde agtereenvolgende jaar PricewaterhouseCoopers se korporatiewebestuur-toekening vir Uitnemendheid in Hoër Onderrig verower. Dié keer deel die Universiteit die toekening met die Vaal Universiteit van Tegnologie. Dit is duidelik dat die NWU ander hoëronderriginstellings in Suid-Afrika 'n ding of twee kan leer oor korporatiewe bestuur...



Motivering is die kuns om
mense so ver te kry om **te**
doen wat jy **wil hê** hulle
 moet doen omdat **hulle** dit
graag wil doen.

– Dwight D Eisenhower, 34e President van die Verenigde State van Amerika, 1953 - 1961

www.nwu.ac.za

